higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 3

(8021023)

16 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

378Q1N2216

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in Afdeling D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Dissiplines wat op die studie van mense in hul alledaagse lewe fokus, sluit in:

A Sosiologie, Sielkunde en Regte
B Sosiologie, Regte en Maatskaplike werk
C Sosiologie, Sielkunde en Maatskaplike werk
D Sosiologie, Sielkunde, Regte en Maatskaplike werk

1.2 Inligting wat in die hof gebruik word –

A Moet altyd op onderhoude gegrond wees.
B Moet in koerante berig word.
C Moet altyd deur 'n geregistreerde kriminoloog aangebied word.
D Moet altyd deur middel van geskikte krimino-etiese metodes ingesamel word.

1.3 Die trauma wat met 'n misdaad verband hou, kan lei tot –

A Fisieke gesondheidsprobleme
B 'n Afname in Downsindroomgeboortes
C Minder gevalle van volwassene-diabetes
D Mediese hulpskemas wat minder geld aan alkoholrehabilitasie bestee.

1.4 Roetineaktiwiteit-teorie handel oor –

A Om deur jou hele lewe 'n spesifieke motorfabrikaat te bestuur
B 'n Oortreder, 'n slagoffer en 'n plek.
C Om nooit van werk te verander nie
D Meervoudige persoonlikheidsversteuring

1.5 Studies van viktimisering van intieme lewensmaats onthul dat –

A Vroue meer geneig is as mans om slagoffers van intieme lewensmaat-geweld te wees.
B Ongetroude vroue dikwels hul manlike lewensmaats aanrand maar nie getroude vroue nie.
C Vroueaktivistegroepe infleer statistieke om mans in 'n swak lig te stel.
D 'n Vrou nooit geweld inisieer nie.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

dissipline; ondervraging; demografiese eienskappe; antropoloë; roetineaktiwiteite; geweldsmisdade; finansiële; slagofferblamering; werkswinkel; kundiges; forensiese kriminologie; kriminoloë

2.1 ... bestudeer nie slegs misdaad nie, maar werk ook aktief op regsgebied.

2.2 ... is gemoeid met die identifisering en aanhouding van beweerde oortreders by wyse van die insameling, bewaring en aanbieding van getuienis wat met 'n spesifieke misdaad verband hou.

2.3 Onderhoude met ... behoort op skrif gestel te word deur gebruikmaking van skriftelike aantekeninge om te verseker dat die kriminoloog die inligting korrek en waarheidsgetrou gebruik.

2.4 'n ... is 'n groep mense wat 'n onderwerp bespreek of 'n vak bestudeer.

2.5 ... het ten doel om die slagoffer te isoleer en dit vir hulle moeiliker te maak om na vore te kom en misdade aan te meld.

2.6 ... is ontmagtigend van aard.

2.7 ... verwys na alles wat ons daagliks doen of waaraan ons dikwels deelneem as deel van ons lewenstyl.

2.8 'n Persoon se rol in die samelewing word bepaal deur sy of haar ... soos ouderdom, geslag, en huwelikstatus.

2.9 ... gaan gepaard met 'n bepaalde opvoedkundige instelling se gedragskode.

2.10 Die ... fase sluit die stelselmatige insameling van alle potensiële getuienis in.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n woord of item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	rassisme	A	Enige persoon wat fisieke, verstandelike, of emosionele skade ly weens ’n misdaad of wie se menseregte geskend word
3.2	meervoudige persoonlikheidsversteuring	B	Wanneer ouderdom nie ’n faktor is nie
3.3	slagoffer	C	’n Onwettige of onegte afskrif van iets wat waar lyk
3.4	vervals	D	Strategie om misdaad te verminder
3.5	sielkunde	E	Die studie van die menslike verstand en gedrag
		F	’n Toestand waarin ’n enkele persoon veelvuldige onmiskenbare identiteite of persoonlikhede ontwikkel
		G	Vooroordeel of vyandigheid teenoor mense wat tot ’n ander ras behoort

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Stropery behels die onwettige vangs en doodmaak van diere.

4.2 Navorsingsbevindings behoort nie aan rolspelers voorgelê te word wat by die navorsing kan baat nie.

4.3 Ons persoonlikhede bestaan uit gedragseienskappe wat ons van ons ouers erf asook eienskappe wat ons ontwikkel namate ons grootword.

4.4 Slagoffers kan ’n verskeidenheid simptome weens misdaadviktimisasie ervaar.

4.5 Hoe meer ontmagtig, gefrustreerd, en kwaad die slagoffer voel, hoe groter die waarskynlikheid van vergeldende misdaad.

4.6 Mense wat werksaam is, is nie in staat om hulself en hul eiendom te beskerm nie.

4.7 Die proefbeampte tree as ’n toesighouer op.

Kopiereg voorbehou

4.8 Kriminoloë kan ook dokumente gebruik om inligting en getuienis in te samel.

4.9 Slagoffers van geweldsmisdade benodig nie langtermyn- of selfs permanente mediese behandeling nie.

4.10 Verskillende vlakke van trauma strek van gesond tot ongesond.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Bespreek adolessente en jong volwassenes as kwesbare slagoffers. (5)

5.2 Noem VYF geïdentifiseerde patrone van herhaalde viktimisering wat 'n betroubare vroeë waarskuwing kan bied van waar en wanneer misdadigers weer kan toeslaan. (5)

5.3 Bespreek die invloed van verskillende interpretasies van misdaad op die optekening van misdaad. (5)

5.4 Bespreek geografiese en infrastruktuurbeperkings wat 'n uitwerking op aanmelding van misdaad kan hê. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

DRIE JONG VROUE IN KHAYELITSHA IN DIE KOP GESKIET

Deur Logan Marshall

Kaapstad – Drie jong vroue – insluitend ’n tiener – is Maandagaand in teregstellingstyl in Khayelitsha in die kop geskiet.

Inwoners in die TT Blok informele nedersetting onthou dat hulle ná 8 pm geweerskote gehoor het, het die Wes-Kaapse polisiewoordvoerder, brigadier Novela Potelwa, Dinsdag in ’n verklaring gesê. ’n Paar minute later is die liggame van jong vroue, ouderdom 17, 20 en 21, in ’n gangetjie tussen die huise gevind. ‘Die slagoffers is almal in die kop geskiet,’ het Potelwa gesê. Die motief vir die skietvoorval moet nog vasgestel word. Wes-Kaapse polisie het ’n 72-uur-aktiveringsplan aangekondig vir die mobilisering van hulpbronne in die soektog na die verdagte/s.

Enigiemand met inligting oor die voorval wat die polisie met hul ondersoek kan help, word aangemoedig om die polisie by 08600 10111 of via die MySAPS App te kontak. Inligting wat ontvang word, sal as streng vertroulik gehanteer word. Die Khayelitsha-gemeenskap is die afgelope paar maande deur geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord geskud. Onlangs is ’n gedenkdiens vir Nomandla Mthathi, 34, gehou, wat met ’n mes doodgesteek is, na bewering deur ’n vriend van haar kêrel. In Augustus is ’n vrou se liggaam, wat aan die brand gesteek is, naby die Khayelitsha-stadion aangetref.

In dieselfde maand is ’n Khayelitsha-vrou wat vir nominasie as ’n ANC-kandidaat vir Stad Kaapstad gestaan het, Phumeza Nomzazi, doodgeskiet. In Junie is ’n 79-jarige vrou in haar huis verkrag, doodgemaak, en aan die brand gesteek.

Khayelitsha Ontwikkelingsforum se voorsitter, Ndithini Tyhido, het aan die Weekend Argus gesê dat hy moeg was om in ’n posisie te wees waar hy die skietery in die gebied moes veroordeel. ‘Ek is regtig moeg. Ons as gemeenskap moet opstaan en ons gemeenskap verdedig. Ons het ons waaksaamheid verslap en misdadigers toegelaat om ons gelykes te wees,’ het Tyhido gesê. Intussen is ’n 35-jarige man wat ingeneem is vir ondervraging in verband met die moord op Lamees Dilman, 21, wie se liggaam in ’n oop veld in Atlantis aangetref is, vrygelaat. Omstandigheidsgetuienis kon hom nie met Donderdag se moord verbind nie.

[Bron: *Independent online*; 28 September 2020]

6.1 Kan verskillende persepsies van misdaad ’n invloed op aanmelding van misdaad hê? (1)

6.2 Staaf jou antwoord in VRAAG 6.1 hier bo. (3)

6.3 Kan geografiese gebied ’n uitwerking op die aanmelding van misdaad hê? (1)

6.4 Staaf jou antwoord in VRAAG 6.3 hier bo. (2)

6.5 Evalueer die rol van slagoffergeoriënteerde diens om geweldsmisdade te verminder en te voorkom. (10)

6.6 Noem DRIE faktore wat die optekening van misdaad kan beïnvloed. (3)

6.7 Evalueer omgewingsfaktore wat tot slagofferkwesbaarheid bydra. (10)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die volgende vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 7

Onderskei tussen modelle wat toegepas kan word om misdaad en viktimisering te verminder en te voorkom en verstrek geskikte voorbeelde.

[20]

OF

VRAAG 8

8.1 Kan die private sekuriteitsbedryf in programme vir die voorkoming en vermindering van misdaad gebruik word? Staaf jou antwoord. (10)

8.2 Onderskei tussen misdaadvoorkoming en misdaadvermindering. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL 100

Kopiereg voorbehou